




Die Ouijabord

("glasie-speletjie")



Het jy al daarvan gehoor?

'n Mens hoor dikwels dat kinders hierdie speletjie speel. Hulle ouers is dikwels self nie hieroor bekommerd, nie, want dit is volgens hulle 'n dood onskuldige kinderspeletjie.

Die naam is afgelei van die Franse en Duitse woorde vir "ja". Hierdie spel is in Noord-Amerika en Engeland alombekend. Dit gaan om 'n houtbord of spieël of glas met twee sirkels inmekaar. In die binneste sirkel is die syfers, een tot tien aangebring en in die buitenste sirkel is die letters van die alfabet aangebring. In die middel daarvan sit jy 'n omgekeerde glas of iets dergeliks. Die aanwesiges moet dan hulle vingerpunte liggies op die glas lê. Die glas skuif dan vanself van letter na letter waarby hy gewoonlik onsin uitspel, maar soms ook woorde en sinne veral wanneer die geeste aangeroop word.

Phil Botha, 'n voormalige sataniste priester vertel van wonderlike boodskappe wat hierdie glasie aan hom uitgespel het toe hy as kind nog daarmee geëksperimenteer het. Hierdie glasie het op 'n keer voorgegee om sy oorlede ouma te wees en boodskappe aan hom deurgegee wat net sy ma en sy ouma van geweet het en dit het natuurlik sy belangstelling nog verder geprikkel. Op 'n keer wou hy van die glasie weet of dit waar is dat die bloed van Jesus Christus ons reinig van al ons sonde. Vir drie maande lank kon die glasie nie beweeg nie totdat hy (Phil) die vraag herhaal en die glasie self na "nee" geskuif het. Eers toe het die glasie weer begin beweeg.

Die avontuur se skadukant

Hy vertel van gevalle waar kinders so besete geraak het tydens hierdie sogenaamde speletjie dat hulle mekaar van vrees verwurg en vreeslik aangerand het Dit is verder verontrustend om te weet dat daar al miljoene Ouijaborde dwars oor die wêreld verkoop is en dat dit selfs in Christelike huise gespeel word. Dr Ouweneel vertel van 'n jong vrou wat as 'n godvresende vrou bekend gestaan het en hierdie bord gebruik het om mense soos Luther, Paulus en selfs Christus mee te raadpleeg. As iemand haar om raad gevra het, het sy gewoonlik gesê: "Wag so 'n bietjie, ek sal dit aan die Heiland vra." Sy bid dan eers voor sy met haar glasgeskuif begin. In die bloei van haar lewe het sy onverwags siek geword en tot die afskuwelike ontdekking gekom hoe sy bedrieg is deur demone (bose geeste). Die uiteinde was dat sy gesterf het as 'n

neerslagtige mens.

'n Psigiater in New York verklaar: "Die Ouijabord maak die sielkundige klinieke van New York vol".

Dr. Ouweneel vertel van 'n predikant wat ontdek het hoe enkele leerlinge in 'n lokaal met die Ouijabord speel. Selfversekerd sê die predikant toe: "Daarmee reken ons maklik af". Hy kniel toe neer om te bid. Onmiddellik voel hy hoe twee onsigbare hande hom verwurg. Dadelik het hy bewus geword van die erns van die omstandighede en hom onder die beskerming van Jesus: Christus gestel deur die bose magte in sy Naam te bestraf. Dadelik het die onsigbare hande sy keel gelos.

Dr. Ouweneel vertel van 'n ander predikant wat aan so 'n glasiespel deelgeneem het waartydens die geeste van dooies aangeroop is. Die predikant was so beïndruk hiermee dat hy meermale daarheen teruggekeer het. Stelselmatig het sy geestelike houding verander. Hy kon later nie meer bid en Bybel lees nie en wanneer hy dit probeer of op die kansel staan, oorval 'n verskriklike pyn hom. Later moes hy ontslag vra en het op die ou end vanweë sy omgang met die "geesteswêreld" geheel en al ondergegaan.

Om 'n laaste voorbeeld te gebruik: 'n pas bekeerde meisie kom eendag op haar vriendinne af waar hulle besig was om die glasie-speletjie te speel. Ewe skielik het die glasie opgehou beweeg. Toe vra die leidster vir die glasie: "Steur iemand u?" Dadelik kom die antwoord: "Ja". Daarna het die meisie weer die vertrek verlaat omdat sy erg onrustig begin voel het. Later vertel haar vriendinne haar hoe die speletjie verder verloop het. Nadat sy weggegaan het, het die leidster aan die glasie gevra: "Wie steur u?" Die antwoord was: "Die meisie wat uit die kamer gegaan het." Daarna het die leidster weer aan die glasie gevra: "Waarom het sy u gesteur?" Die antwoord: "Omdat God met haar is." Dr. Kurt Koch het hierdie verhaal persoonlik uit die mond van hierdie meisie gehoor.

..... Blaai om

Charlotte vertel

Dit is opvallend hoeveel mense by Satanisme betrokke geraak het juis via hierdie sogenaamde onskuldige glasië-speletjie. (n die boek, Satanisme, Suid-Afrika se jeug in versoeking deur John en Helen Gardiner word ook vertel van Charlotte, 'n tiener van Pietermaritzburg se eerste kennismaking met Satanisme. Haar reis na die duisternis het begin deur die skynbaar onskuldige "glasië-glasie", toe sy 14 jaar oud was.

"Ek was verveeld en het opwinding gesoek. 'n Klomp meisies in my skoolkoshuis het besluit om "glasië-glasie" te speel. Aanvanklik was ek bang om saam te speel, maar my nuuskierigheid het die oorhand gekry en ek het meegedoen aan die "speletjie" wat toe op die ou end nie 'n speletjie was nie, maar 'n aaklige werklikheid. Ek het met my eie oë gesien hoe die glasië vanself beweeg en boodskappe uitspel oor 'n alfabet op die tafel uitgesprei is. Ek was stom van verbasing ek besef dat daar werklik geeste in die lug is."

Charlotte sê verder: "Eers was ek bang, maar later het ek my vrees verloor. Ek het nie besef dat ek 'n prys sal betaal vir my betrokkenheid en omdat ek die werklikheid van die geestelike ryk gesien het nie. Die prys was my siel. Ek het nie besef dat die gees nie meer die glas beheer het nie, maar vir my. 'n Kragtige demoon het van my besit geneem en my lewe begin beheer. Ek h baie sterk visioene van demone begin sien - en dit was beslis nie hallusinasies nie."

Die uiteinde voor sy tot bekering gekom het, was dat : so diep betrokke was by Satanisme dat sy waansinnig begin optree het, haarself gesny het totdat sy gebloei en dan met 'n onkeerbare drang na bloed, die bloed gedrink het.

Hoe word jy uit hierdie greep van Satan bevry?

Die Sataniste het slegs een vyand: Jesus Christus. Al hulle seremonies wat hulle hou, is slegs gemik teen die Christelike geloof en teen geen ander godsdien in die hele wêreld nie. As jy enigsins wonder of twyfel in jou gemoed het oor watter geloof die ware geloof of godsdien is, dan hoef jy nie die duisende verskillende gelowe te gaan besoek om uit te vind nie. Nee, kyk maar net teen wie sry die Sataniste. Die Sataniste beskou al die ander godsdienste soos Boedhisme, Islam, Hindoeïsme ens. as bondgenote in hulle stryd teen Jesus Christus.

Reeds in die tyd van die Nuwe Testament was dit baie

duidelik dat die Satan en sy demone 'n onuithoubare vrees vir die Here Jesus gehad het. Ons kan maar net dink aan die smeekroep van die demone (bose geeste) wat vanuit die besetene van Gadara gesmeek het dat die Here Jesus hulle tog nie voor die tyd moet pynig nie. Jakobus skryf in sy brief dat die duiwels glo dat daar net een God is, maar hulle sidder van angs. (Jak 2:19)

Dwarsdeur die Nuwe Testament is dit duidelik dat die Naam van Jesus Christus gesag afdwing. Toe Paulus voortdurend lastig geval is deur 'n vrou met 'n waarseêrsges, het hy die bese gees in die Naam van Jesus Christus beveel om uit haar uit te gaan. (Hand 16)

Daarom mag 'n Christen nooit twyfel aan die almag van Jesus Christus nie. Sy woorde in Mat. 28:18 geld tot ewigheid: "Aan My is alle mag gegee in die hemel en die aarde."

Hierdie bonatuurlike verskynsels kan ons nie anders deur die gebed in die Naam van die Here Jesus beheer nie. Jesus het self gesê: "Hierdie soort goed kan met niks anders as met gebed uitgedrywe word nie". ~ (Mark. 9:29.)

In die boek Satanisme - Suid-Afrika se jeug in versoek van John en Helen Gardiner vertel hulle van 'n bewese: satanis met wie hulle 'n onderhoud gevoer het. Die betrokke man het een aand 'n vreeslike argument met vriendin gehad. In 'n vlaag van woede het hy haar bokant sy kop gelig en haar met sy hand teen haar ken teen die muur vasgepen. Die jong meisie het gevoel sy gaan sterf, maar sy kon nie 'n geluid uitkry nie.

'n Ou dame in die woonstel langsaan het die getwis gehoor en na die satanis se woonstel gehardloop. Die veiligheidshek was gesluit. Sy het aan hom geskreeu om die meisie neer te sit, maar dit het geen effek gehad nie. Wanhopig het sy aan die hek geruk en gesê:

"Gaan oop, in die naam van Jesus Christus." Die hek het oopgegaan en sy het ingehardloop.

Die satanis was woedend en sy het besef dat dit dwaas sou wees om hom te probeer nader. Sy het haar afstand gehou en ferm gesê: "Ek beveel jou, in die naam van Jesus Christus, sit daardie meisie neer!"

Die satanis het sy vriendin onmiddellik neergesit en

homself geskud soos iemand wat uit 'n beswying kom. "Wat het gebeur?" het hy gevra.

Wat gebeur het, was dat die ou dame nie haar eie krag of die wapens van die wêreld gebruik het nie. Toe sy besef dat sy nie met die satanis te doen het nie, maar met die demoniese magte wat hom beheer, het sy die geestelike gesag wat sy in Jesus Christus gehad het, gebruik.

Net een antwoord:

Elke Christen het die groot troos dat niks hom ooit kan skei van die liefde van God wat daar in Christus Jesus is nie. Rom. 8:38,39. Daar is dus net een antwoord vir die persoon wie se lewe deur hierdie speletjie vasgevang is. Dit is die liefde van God in en deur Jesus Christus. Gaan met jou nood en sondeberou na die Here Jesus wat jou nooit sal verwerp nie. In Joh. 6:37 sê die Here Jesus: "Elkeen wat die Vader vir My gee, na My toe kom, en Ek sal hom wat na MY toe kom, nooit verwerp nie!"

Waar alles begin het as 'n onskuldige speletjie, die Quijabord, is baie jongmense se lewens verwoes. Die Here het gewaarsku "Daar mag niemand by jou wees wat geeste om inligting vra en dooies raadpleeg nie.

Die Here het 'n afsku van elkeen wat hierdie soort ding doen... jy moet opreg wees voor die Here jou God." (Deut. 18:10-13.)



Publikasie
Publication



Nr./No.: E49